JOHANNESBURG EAST DISTRICT

TERMYNTOETS - EKSEMPLAAR

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

MEMORANDUM

MAART 2011

PUNTE: 35
TYD: 1 ½ UUR

Hierdie MEMORANDUM bestaan uit 4 bladsye.

Graad 12	AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL **Kontroletoets - Voorgestelde Oplossing**

VRAAG 1

1.1	Hy sny gras. ✓✓	(2)
1.2	"Ag nee man" ✓	(1)
1.3	Haar kwaai uitdrukking ✓ en swaaiende arms dui op haar irritasie. ✓	(2)
1.4	Dit wys die vrou beklemtoon die woord. ✓	(1)
1.5	Sy wil rugby op TV kyk. ✓✓	(2)
1.6	Gewoonlik wil mans rugby op TV kyk, maar hier stel die man nie daarin belang nie, maar sy vrou wil kyk. ✓✓	(2)
		[10]

VRAAG 2

1. Kry genoeg slaap. ✓
2. Werk aanhoudend aan verhoudings met die mense na aan jou. ✓
3. Ontwikkel belangstellings wat jou laat ontspan. ✓
4. Dink na oor waarom jy geïrriteerd of gespanne voel. ✓
5. Soek positiewe dinge in elke situasie. ✓
6. Praat met die mense na aan jou. ✓
7. Doen iets vir minderbevoorregtes. ✓

(52 woorde)

[10]

VRAAG 3

3.1	Navorsers het beweer genoeg slaap kan/kon jou gesondheid verbeter en gewig laat verloor. ✓✓	(2)
3.2	Die vrou sal haar man baie liefhê. ✓	(1)
3.3	Die vrou het gesê haar man sal seker die volgende dag nog net so daar lê. ✓✓	(2)
3.4	Die skinkbord word (deur haar) kombuis toe gedra. ✓	(1)
3.5	Wie het dit gesê? ✓	(1)
3.6	a) Nee, die vrou dink nie haar man gaan sukses behaal nie. ✓ b) Nee, die man het nog nie enige gewig verloor nie. ✓	(2)
3.7	a) Die man wat dink hy gaan gewig verloor, lê en snork. ✓ b) Die bank waarop die man lê, lyk nogal gemaklik. ✓	(2)
3.8	a) Die vrou sê haar man lê en slaap, want hy wil gewig verloor. ✓ b) Aangesien die man gewig wil verloor, lê en slaap hy aanhoudend. (✓) *of* Die man lê en slaap aanhoudend aangesien hy gewig wil verloor. (✓)	(2)
3.9	Die vrou sê: "Kan jy dit glo!/? Daardie snorkende luiaard dink hy gaan gewig verloor omdat hy so baie slaap!" ✓✓	(2)
		[15]

[TOTAAL: 35 punte]